**Donderdag 4 Mei**
**Skrifgedeelte: Psalm 128:1-6**
**Fokusgedeelte: Psalm 128:1**
**Vrug van die huwelik: God ontplooi sy seën!**

Een van die redes hoekom God die huwelik en die seksuele ingestel het, is om ’n nageslag daar te stel wat Hom sal dien en vrees. Indien God dit wil, is ouerskap ’n gegewe in die huwelik. Waar vers 1 op elkeen in die gesin fokus, verskuif die fokus in vers 2 na die man, na die vader of hoof van die huis.

Die grootste nood in ons samelewing vandag is vaders. Daar is baie mans en nog meer kinders, maar so baie kinders het nie vaders nie. Vaderskap begin met die dien van die Here! Meer letterlik beteken dit om die Here te vrees. Om voortdurend ontsag vir God, sy Woord en duidelike voorskrifte te hê (vgl. Spr.23:17).

As vader sidder ek om te dink God wandel nie vandag saam met my nie, of ek doen iets wat my van Hom vervreem, of ek leer my vrou en kinders om dinge te doen wat nie ontsag vir Hom toon nie. Dit beteken ook om die slegte te haat en daarvan weg te vlug. Om God te dien, hou groot belofte in. Jy sal ’n gelukkige man wees as jy ontsag vir die Here het.

Wat God die graagste wil hê ons moet doen, is om in Christus te glo en Hom met alles in my na te volg. ’n Pa wat deur die Gees daartoe gebring word om sy gesin te lei om in Jesus te glo en Hom na te volg, spaar homself baie trane, en selfs in tye van teëspoed kan hy op die Vader se seën en sorg staatmaak.

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)*